
LOFOFFER 2020
Braai-offers
en Dankoffers

# Ons "Altaar" herinner ons:

- aan Jesus se FINALE offer
- om te LEWE tot Sy eer
- met WIE ons te doen het
- om God te DANK vir Sy sorg

# Die HOUT herinner ons:

- dat ELKEEN 'n gawe het
- dat ons VERSKIL, en dit is goed
- dat ons MEKAAR nodig het
- om ons gawes AAN TE BLAAS
- ons gawes/talente is GELEEN

# Die VLAMME herinner ons:

- dat God **VIR** ons is - Genade
- dat God **BY** ons is - Teenwoordig
- dat God **IN** ons is - Inwonend
- dat God **AGTER** ons is - Gestuur
- dat God **VOOR** ons is - Hoop


Dink jy dis genoeg vleis?
ROMEINE 12:1

## 2 Kronieke 7:4-5

4 Die koning en die hele volk het vir die Here
offerandes gebring. 5 Koning Salomo het twee en
twintig duisend beeste en honderd en twintig
duisend stuks kleinvee geoffer. So het die koning
en die hele volk die tempel van God ingewy.

## Levitikus 16:16

16 So moet hy die Allerheiligste reinig van die
onreinhede van die Israeliete, van hulle
oortredinge en al hulle sondes. Hy moet die tent
van ontmoeting ook op dieselfde manier reinig,
want dit staan by die volk met al hulle onreinheid.

# Die verskillende offers het:

- vrygekoop
- gereinig
- tot bekering geroep
- verhouding herstel

**Romeine 12:1**

1 En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op
grond van die groot ontferming van God: **Gee
julleself aan God** as lewende en heilige offers wat
vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die
godsdiens wat julle moet beoefen.

# Die VLEIS herinner ons:

- Jesus het ALLES vir ons gegee



## Hebreërs 9:12-14

12 Met sy eie bloed en nie met die van bokke en kalwers nie,
het Hy net een maal die heiligdom binnegegaan en 'n ewige
verlossing tot stand gebring. 13 Wanneer die bloed van
bokke en bulle en die as van 'n vers op die onreines
gesprinkel word, maak dit hulle uiterlik rein. 14 Hoeveel te
meer sal die bloed van Christus ons gewete bevry van die
las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende
God kan dien! Hiervoor het Christus immers Homself as
volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer.


1 Petrus 1:19
19 Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare
bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en
sonder liggaamsgebrek is.

# Die VLEIS herinner ons:

- Jesus het ALLES vir ons gegee
- ALLES behoort aan God

## 1 Kronieke 29:11-16

11 Die grootheid, Here, die krag, die glans, die roem en die
majesteit behoort aan U, ja, alles in die hemel en op aarde.
Aan U, Here, behoort die heerskappy; U is bo almal verhewe.
12 Van U kom rykdom en eer. U heers oor alles. Mag en krag
word deur U geskenk, en dit berus by U om enigiemand
groot en sterk te maak. 13 En nou loof ons U, ons God, ons
prys u glansryke Naam, 14 want wie is ek en wie is my volk
dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring?

## 1 Kronieke 29:11-16

Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U
gekry het. 15Net soos al ons voorvaders is ons by U sonder
reg of aanspraak. Ons tyd op aarde is soos 'n skaduwee,
dit gaan verby. 16Here ons God, al hierdie goed wat ons
bymekaargemaak het om 'n huis vir u heilige Naam te bou,
het ons van U gekry en dit behoort aan U.

# Die VLEIS herinner ons:

- Jesus het ALLES vir ons gegee
- ALLES behoort aan God
- Gee ALLES vir God

## Romeine 14:8

8 As ons lewe, leef ons tot eer van die Here;
en as ons sterwe, sterf ons tot eer
van die Here.
Of ons dan lewe en of ons sterwe,
ons behoort aan die Here.


Die VLEIS herinner ons:
• Jesus het ALLES vir ons gegee
• ALLES behoort aan God
• Gee ALLES vir God


HOEVEEL moet ek gee?

# 'n Tiende?

## Die **Eerste Tiende** *(Ma'aser rishon)*

— 'n graanoffer, primêr vir lewensonderhoud van die Leviete/Priesters

*Numeri 18:20-21*

*(vgl Levitikus 27:30-33)*

## Die **Tweede Tiende** *(Ma'aser sheni)*

— 'n feesmaaloffer waarin die Leviete/Priesters deel

*Deuteronomium 14:22-27*

## Die **Armes Tiende** *(Ma'aser ani)*

— 'n barmhartigheidsoffer waarin Leviete, behoeftiges (vreemdelinge, wese en weduwees) deel

*Deuteronomium 14:28-29*

## Ma'aser rishon


## Ma'aser sheni

## Ma'aser ani

**Gemiddeld:**

**17% p/j**

Landbou-siklus




Ma'aser rishon

Ma'aser sheni

Ma'aser ani

**Gemiddeld:**

**20% p/j**




Landbou-
siklus

- Meer as een tiendes – MEER as 10% p/j
- ‘Belastingwetgewing’ vir Israel na die uittog
- Deel van tempel-kultus/offer-sisteem van die Ou Testament; in die Nuwe Testament word dit nie gehandhaaf nie, en as wet wat in Christus vervul is, geld die “tiende”-riglyn nie vir Christene nie!

**Walter Kaiser**


"As tiendes die maatstaf onder die [Ou Testament] wet was, hoe kan Christene minder gee? Miskien moet ons in die lig van God se ryke seëninge oor ons in Christus opnuut oorweeg: nie wat die minste is wat ons behoort te gee nie, maar eerder hoe ons meer kan gee."


1 Korintiërs 16:2
Elke Sondag moet elkeen van julle na vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geld-insameling nie eers plaasvind as ek kom nie.:

## 2 Korintiërs 8:2-3

Al was hulle [die gemeentes van Masedonië] swaar beproef deur verdrukking, hulle blydskap was **oorvloedig**; en al was hulle baie arm, hulle was ryk in hulle **oorvloedige vrygewigheid**. Ek verseker julle hulle het **na vermoë**, ja, **bo vermoë**, bygedra.


2 Korintiërs 9:7
Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.


Hans Brandenburg
“Die [Ou Testamentiese] wet vereis dat gelowiges 'n persentasie van hul opbrengs sal gee. Maar die Gees van God maak ons [as Christene] een honderd persent God se eiendom, met alles wat ons besit. Alles is Syne! En ons is Sy rentmeesters, wat aan Hom verantwoording moet doen vir elke sent wat ons spandeer.”


Dink jy dis genoeg vleis?
ROMEINE 12:1